

# FRESH NOTES

A TECHNICAL UPDATE PUBLISHED BY HORTGRO SCIENCE

## Steenvrugte Protokolle vir die EU 2020/2021 seisoen - OPSOMMING

Alle steenvrugteprodusente (PUC's) en Pakhuise (PHC's) moet op PhytClean geregistreer wees vir uitvoere na die EU. Hieronder is 'n opsomming van sleutelkwessies om van kennis te dra ten einde nakoming met die vereistes te verseker. Verwys asseblief ook na Fresh Notes (163) 4 Oktober 2019 vir inligting rakende die Vrugtevlieg en VKM bestuurstelsels verifikasie kontrolelyns vir steenvrugte bestem vir uitvoer na die EU.

Neem asseblief kennis dat dit krities is om die integriteit van die stelselbenadering te behou om die proses te bestuur tot die vlak wat deur die EU vereis word (zero toleransie). Dit is dus in almal se belang om te demonstreer dat ons 'n zero onderskeppingsvlak in die EU kan behou vir alle steenvrugte vir VKM (perskes en nektariens) en alle nie-Europese vrugtevlieë (alle steenvrugte).

STEENVRUGTE VRUGTEVLIEG BESTUURSRIGLYNE	PERSKE & NEKTARIEN VKM BESTUURSRIGLYNE
<b>MONITERING: tyd</b>	
<p>Monitor per boord, weekliks <u>vanaf blomblaarval tot blaarval.</u></p> <p>Monitor in ander vrugdraende boorde (bv. sitrus), huistuine, rivierbeddings en enige ander alternatiewe gashere, <u>regdeur die jaar.</u></p>	<p>Monitor per boord, weekliks <u>vanaf blomblaarval tot oes.</u> In boorde waar daar 'n bekende geskiedenis van VKM besmetting is moet monitering <u>by knopswel begin en aanhou tot blaarval.</u></p>
<b>MONITERING: lokvaldigtheid</b>	
<p>Een lokval per 2 ha vir <i>Ceratitis capitata</i>, <i>C. rosa</i> en <i>C. quilicii</i>, geplaas in die middel van elke moniteringsblok.</p> <p>Amptelike vereiste is 1 ME emmerval per PUC of per 100 hektaar - verkieslik 1 per 25 hektaar vir <i>Bactrocera dorsalis</i>.</p>	<p>Een VKM feromoonval per 2 ha, geplaas in die middel van elke moniteringsblok.</p>
<p><i>Praktiese voorbeelde vir ander scenarios op die plaas:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• In boorde van 3 ha, indien dit op 'n gelyke oppervlak is, is een lokval voldoende, maar as die boord op 'n helling is, gebruik 2 lokvalle.</li> <li>• Vir boorde tussen 3 en 4 ha, gebruik 2 lokvalle.</li> <li>• Vir klein boorde, bv. 1 ha, gebruik 1 lokval in elke boord indien die boorde van aangrensende boorde geskei word deur 'n pad, windbreuk of soortgelyke verdeling.</li> <li>• Waar 2 klein boorde, bv. 1 ha elk, aangrensend tot mekaar is sonder om deur 'n pad, windbreuk of soortgelyke verdeling geskei te word, kan 1 lokval in die middel van die 2 boorde geplaas word.</li> </ul>	
<b>VRUGBESMETTING: vrugskadebepalings</b>	
<p>Selekteer 25 eweredig gespaseerde bome per 2 ha blok en merk hulle duidelik.</p> <p>Bome moet eweredig in die blok gespaseer wees, en nie rondom die lokval gegroeper wees nie. <i>(Hierdie is deur DALRRD geopper as 'n nie-nakoming kwessie gedurende inspeksie/verifikasie)</i></p>	

Begin vrugskadebepalings 6 weke voor oes – ten minste drie vrugskadebepalings moet per kultivar gedoen word (insluitende 'n voor-oes skadebepaling 10 dae voor oes):

- 1) 6 weke voor oes
- 2) 4 weke voor oes
- 3) binne 10 dae voor oes

#### **DATAVASLEGGING EN REKORDHOUDING**

**Alle moniteringsdata en vrugskadebepalingsresultate moet opgeskryf en vir ouditdoeleindes bewaar word.**

Excel blaaie vir vaslegging van moniteringsdata en vrugskadebepalingsresultate is beskikbaar as Bylae wat geklik kan word in die vrugtevlieg riglyne. Die vrugtevlieg moniteringsblad moet op PhytClean gelaai word wanneer die amptelike *B. dorsalis* opnamedata gerapporteer word (in Excel).

**Dieselfde blaaie kan aangepas word vir VKM data vir monitering en vrugskadebepalings.**

#### **BOORDSANITASIE**

Boordsanitasie is van uiterste belang.  
Boordsanitasie en vernietiging van vrugte moet volgens die protokolle en riglyne geïmplementeer word.  
**Rekordhouding van boordsanitasie word vereis.**

*(Swak boordsanitasie is 'n kwessie wat deur DALRRD geopper is as nie-nakoming gedurende inspeksie/verifikasie)*

#### **PAKHUISAFLEWERINGSINSPEKSIE**

Die pakhuisbestuurder moet verseker dat 600 vrugte van 'n boord gekies word vir inspeksie met eerste aflewering binne 'n kalenderweek.

Resultate van inspeksie moet opgeskryf word, op PhytClean gerapporteer word en rekords moet vir ouditdoeleindes bewaar word.

#### **PAKHUISINSPEKSIE EN -GRADERING**

Pakhuisgradeerders moet die korrekte opleiding en opdatings van inligting kry, met bewyse van hierdie opleiding (bv. bywoningsregister).

Gereelde verwydering van afval gedurende gradering en inspeksie moet gedoen word soos wat vereis word.

*(Beide bogenoemde is deur DALRRD geopper as kwessies gedurende inspeksie/verifikasie)*

### KRITIESE BEHEERPUNTE

**Die volgende vier kritiese beheerpunte is by die Vrugtevlug en VKM bestuursriglyne gevoeg en vereis volle nakoming:**

**Boordseleksie:** Boorde wat met vrugtevlug of VKM besmet kan wees vanaf aangrensende hoë risiko areas (huistuine met gasheerplante, swak bestuurde boorde, sapfabrieke, smousaktiwiteite), tensy hierdie hoë risiko areas onder effektiewe vrugtevlug of VKM beheer is, moet vir uitvoer na die EU uitgesluit word.

**Gedurende die vrugskadebepalings (6 weke voor oes en 4 weke voor oes):** Indien enige vrugtevlug of VKM skade in 'n boord aangeteken word moet addisionele geregistreerde beheermaatreëls toegepas word volgens die gelysde beheeropsies.

**Gedurende die voor-oes vrugskadebepaling (binne 10 dae voor oes):** Indien enige lewendige vrugtevlug larwes/eiers, of lewendige VKM larwes in vrugte gevind word gedurende die voor-oes skadebepaling word daar aanbeveel dat die boord vir die EU onttrek word en die vrugte aan 'n alternatiewe mark gelewer moet word.

**In die pakhuis:** Indien enige vrugtevlug of VKM besmette of beskadigde vrugte gedurende die pakhuisafleweringsinspeksie of gedurende die finale eindpuntinspeksie gevind word, moet die betrokke boord onttrek word vir uitvoer na die EU vir die res van die seisoen.

### PHYTCLEAN REGISTRASIE EN INSPEKSIE VERIFIKASIE

- Neem asseblief kennis dat die verklaring rakende monitering van vrugbesmetting, die voor-oes vrugskadebepaling insluit, vir alle geregistreerde boorde.
- Produsente kan nie addisionele variëteite of boorde na registrasie (bv. gedurende inspeksie/verifikasie) byvoeg nie.
- Persone wat dokumentasie na DALRRD bring rakende inspeksie/verifikasie, moet goed ingelig wees rakende die vereiste dokumentasie.
- Tydens registrasie, maak seker dat kontakbesonderhede opgedateer/korrek is vir persone wat inligting moet ontvang of gekontak moet word rakende bogenoemde/ander.
- Partye wat names produsente registreer moet seker maak dat produsente van al die vereistes ingelig word.

**Dit is die verantwoordelikheid van produsente om bewus te wees van alle vereistes en dit te implementeer.**